

# **DIE** *Houtkapperskind*

Japie Heese



Die plasing van hierdie teks word moontlik gemaak deur die  
vriendelike samewerking van die DRAMABIBLIOTEEK, Bloemfontein  
(Library and Information Services MANGAUNG METRO MUNICIPALITY)

DIE HOUTKAPPERSKIND

'n Toneelstuk vir kinders

– 1926 (1933) –

deur

Japie Heese

Kontakbesonderhede vir kopiereg/opvoerregte:

**A K D A**

Afrikaanse Kontemporêre Drama Argief  
(akda.co.za)

leanawel4@gmail.com

DIE HOUTKAPPERSKIND

'N TONEELSTUK VIR KINDERS

DEUR

JAPIE HEESE

TWEEDE, HERSIENE DRUK

Drukkers en Uitgewers:

NASIONALE PERS BEPERK

Bloemfontein, Kaapstad en Stellenbosch

## PERSONE

DIE KONING

DIE HEKS, *tante van die Koning*

ENGEL JOSEPHINE

DIE DOGTER VAN DIE HOUTKAPPER

ONNUT, *hoofman van die dwergies*

DIE KONINGIN VAN DIE FEË

DWERGIES, FEË, JAGTERS

'N PRIESTER

N.B. Daar is net soveel dwergies as feetjies.

# Die Houtkapperskind

## EERSTE TONEEL

*Die toneel stel die hut van die dwergies voor. Die vertrek is half donker maar voorlangs brand 'n vuurtjie. In die skemer word 'n paar slapende dwergies gesien. Voor by die vuur slaap Onnut, hoofman van die Dwergies.*

**DIE SPIOEN VAN DIE DWERGIES (*kom haastig in*):** Wat! Nog almal aan die slaap?  
Die luie rakkers! Maar as hulle hoor wat ek te vertel het dan sal daardie luie bene van hulle darem gou hier in die kamer ronddans. (*Hy maak die hoofman wakker.*)  
Kaptein, ek sê, Kaptein!

**ONNUT (*nog half aan die slaap*):** Hê? Wat wil jy hê?

**SPIOEN:** Sy kom! Sy is al byna hier!

**ONNUT (*rek hom uit*):** Wat sê jy?

**SPIOEN:** Kaptein, sy is aan die kom hierheen!

**ONNUT:** Wie kom?

**SPIOEN:** Juffrou Jarini.

**ONNUT (*heeltemal wakker nou*):** Wat? Jarini?

**SPIOEN:** Ja, Kaptein. Nou terwyl ek in die gedaante van 'n uil waggehou het daar in die doringboom, het ek haar deur Heksdrif sien trek. Soos 'n pyl uit die jagter se boog het ek hierheen gevlieg om julle te kom waarsku.

**ONNUT:** Maar wie sê sy kom hierheen?

**SPIOEN:** Aan 'n boer het ek haar hoor vertel dat sy op weg na Dwergieskraal is.

**ONNUT:** En is sy al naby?

**SPIOEN:** Toe ek u kom waarsku het, het sy al begin om die onderste Vaalkrans te beklim. Die turksvydorings is daar dik en sy klouter maar swaar die berg uit.

**ONNUT (*staan op*)** : Die ou vrou klim darem nog vinniger as wat mens dink veral as sy daarop uit is om een of ander gruweldaad te pleeg. Wat kom soek sy tog hier? En nogal so vroeg in die oggend. Kêrels! (*maak al die dwergies wakker*). Toe dan, julle luie rakkers! Roer daardie bene van julle! Staan op! Toe gou, want juffrou Jarini is aan die kom hierheen en as juffrou Jarini kom, moet dwergies soos ons ons lyfies roer. Aan die werk, kêrels!

**'N SLAPERIGE DWERGIE** : Sy's 'n ou heks! En nou moet ek so vroeg vir die ou ding opstaan.

**ONNUT** : Swyg daar! Roer jou lyf! Kêrels, toe dan! Kyk hoe deurmekaar is dit alles. Kom, kom, laat ons alles in orde bring. Kort Jan, roer jou bene en gooi hout op die vuur. Maar wie lê daaragter nog en slaap?

**'N DWERGIE** : Dis Klaasvakie.

**ONNUT** : Maar so 'n luie rakker. Hy het seker weer gisteraand laat kom slaap.

**SPIOEN** : Ja, die maan wat gistermiddag laat opgekom het, was al byna agter die blouberge weggesak toe ek vir Klaasvakie vannag huis-toe sien drentel het. Die outjie was koud en vaak.

**ONNUT** : Hy het seker te veel van sy eie aan-die-slaap-maak-poeier in die oë gekry. Maar dit gee hom nog geen reg om daar te lê en planke saag nie as ons almal werk. Maak hom wakker!

**KLAASVAKIE (*wat wakker gemaak word*)** : Ek wil nog slaap.

**ONNUT** : Nee, outjie, roer maar nou jou beentjies. Jy wil mos nie na my luister as ek sê jy moet vroeg kom slaap nie.

**KLAASVAKIE** : Maar hoe kan ek as ...

**ONNUT** : Kêreltjie, jy's nukkerig, nê? Net so nukkerig soos meeste kindertjies wat jy saans te veel poeier in die oë gestrooi het as hulle soggens wakker word, nê? Kom hier!

**KLAASVAKIE (*kom vorentoe*)** : Dis nie my skuld nie ...

**ONNUT** : So — wie s'n dan?

**KLAASVAKIE** : Die houtkapperskindjie.

**ONNUT** : En wat kan daardie arm kindjie van brandarm mensies dan aan jou doen?

**KLAASVAKIE** : Haar ouers het haar aan Engel Josephine afgegee gister.

**ONNUT** : So? En wat daarvan?

**KLAASVAKIE** : Toe was sy so ingenome met die Engel wat haar vanmôre sal gaan weghaal uit hul armsalige huisie dat sy nie wou slaap nie. Met moeite het ek haar eers laat vannag aan die slaap gemaak.

**ONNUT** : Nou ja, jy hoef nie te werk nie, maar loop was tog net jou oë. Dit lyk asof hulle nie wil oopgaan en oopbly nie.

***Klaasvakie af, maar kom gou weer terug.***

***Onderwyl gaan die dwergies ywerig voort met werk. Elkeen is besig en hulle maak hul huisie mooi aan die kant. Terwyl hulle werk, sing hulle, maar eers resiteer Onnut.***

Ek is Onnut,  
 Almal weet dit.  
 Almal, almal ken vir my;  
 Ek dwaal oor die velde vry;  
 Ek doen net wat my behaag.  
 Altoos ywerig, nooit nie traag,  
 Is ek tot u diens juffrou,  
 Vrou Jarini, heksevrou.  
 Vrou Jarini, ek dien jou.

**DWERGIES (*sing.\**):**

Ons is kleine dwergies, en ons dwaal;  
 La la la, ens.,  
 Oor die velde ruig en Vlaktes kaal;  
 La la la, ens.,  
 Dansend singend, smart verdringend,  
 La la la, ens.,  
 Stappies lig, op pret gerig,  
 La la la, ens.

**ONNUT (*resiteer weer.*):**

Ek is Onnut,  
 Dwergies weet dit,  
 Hulle luister mooi na my,  
 Al die dwergies wat hier bly,  
 Hou van my en ek van hul,  
 Is ek uit om mens te kul  
 Of te help, hul staan by my,  
 Help my wen en help my ly.

*\*Die dwergielied word gesing op die wysie van "The Maypole." – Die lied is te vinde in "Union Sight Singing Through Song", Book II, edited by Arthur Lee.*

**DWERGIES (sing.):**

Soms dan doen ons goed en dan weer kwaad;  
 La la la, ens.,  
 Soms dan gee ons angs, en dan weer raad;  
 La la la, ens.,  
 Altoos vrolik, nooit nie olik!  
 La la la, ens.,  
 Daar's geen smart in onse hart.  
 La la la, ens.

Ons is kleine dwergies en ons dwaal;  
 La la la, ens.,  
 Orals want ons ken mos elke taal;  
 La la la, ens.,  
 Noord of Suid daar deel ons uit  
 La la la, ens.,  
 Vreug of pyn waar ons verskyn  
 La la la, ens.

**ONNUT:** Ja, dit gaan nou aan, Maar wat van ons nuwe lied?

**'N PAAR DWERGIES:** Ja, ons nuwe lied! Laat ons ons nuwe lied sing.

**ONNUT:** Nou toe. Een, twee, drie. (*Hulle sing. \**)

Kom nou dwergies, laat ons sing,  
 Luid van ons Vereniging,  
 Hoog hou steeds ons goeie naam,  
 Strewe na haar roem en faam,  
 Faam en naam van Dwergieskraal  
 Hoog hou onse faam en naam,  
 Faam en naam van Dwergieskraal  
 Hoog hou onse faam en naam.

**ONNUT (bekyk alles noukeurig):** Ja, dis reg, kêrels, nou lyk dit somaar al weer baie beter hier.  
 Nou kan ons darem vir juffrou Jarini 'n hartlike welkom gee en hoef ons ons nie te skaam  
 vir die dwergiesbende van Dwergieskraal, distrik Ondeundverby nie. Bondbaadjie,  
 gaan kyk gou of sy al aankom.

**BONDBAADJIE:** Tot u diens, heer Kaptein.

*Bondbaadjie af.*

*\*Op die wysie van "Volkslied voor 't Verenigd Zuid-Afrika." – Die lied is te vinde in "Union Sight Singing Through Song", Book II, edited by Arthur Lee.*



**ONNUT** : Kom, maak nou gou asof julle almal slaap. Hier by die vuur sal ek die heks afwag. Hou julle lewendig en wakker sodra ek julle roep. Ons kan nooit weet hoe groot die beloning is wat ons te beurt sal val nie. Toe dan, toe dan nou!

**BONDBAADJIE** (*kom terug*) : Juffrou Jarini is hier.

**ONNUT** : Toe maak gou asof jy ook slaap. (*Almal slaap kastig.*)

**HEKS** (*kom in*) : Wat, al so laat in die môre en die dwergies slaap nog! Reeds breek die rooi-dag aan in die Ooste en nog slaap hulle. Dis darem alles wonderlik mooi en skoon hier. Wie slaap dan hier by die vuur? Dis Onnut! En net die man wat ek so nodig het. Onnut, Onnut, hoofman van die dwergies van Dwergieskraal, word wakker! Dis ek, vrou Jarini, dis ek, tante van die koning, ek, Jarini, sy enigste erfgenaam, wat met jou praat. Word wakker, hoofman van die dwergies!

**ONNUT** (*maak asof hy wakker skrik*) : Hê, wie is daar?

**HEKS** : Ek, vrou Jarini!

**ONNUT** (*spring op*) : Tot u diens, juffrou Jarini, staan ek, kaptein van Dwergieskraal, voor jou.

**HEKS** : Is my stoeltjie hier?

**ONNUT** : Ja, juffrou.

**HEKS** : Is dit blink gevee en glad geskrop?

**ONNUT** : So is dit.

**HEKS** : Bring dit dan hier. Ja dankie. (*Sy sit op die driepootstoeltjie naby die vuur.*) Bring my kristalglas hier en laat ek sien of daar iemand leef wat vir Jarini wil verdring as erfgename van die koning! Gou, bring dit hier. (*Hy bring dit en sy kyk daarin.*) Wat? Wat sien ek?

**ONNUT** : Tog nie 'n mededinger nie!

**HEKS** : Ja, 'n mededinger! Nee, 'n mededingster. 'n Klein snuiter van 'n meisietjie! Onnut! Hoofman van die dwergies, daar is iemand wat die guns van die koning gaan wen en sy hart gaan steel. Vir my, die wettige erfgename, gaan sy verdring. Onnut, ons moet haar doodmaak.

**ONNUT** : Ons moet!

**HEKS** : Onnut, loop soek haar op. Kry haar vir my en bring haar dadelik hier.

**ONNUT** : Maar wie is sy? En waar woon sy?

**HEKS** : Dit weet ek nie. Maar dis jou werk om dit uit te vind. Gou Onnut, hoofman van die dwergies, uit hier by die deur, verander jou in die gedaante van 'n voëltjie, vlieg die wêreld deur van Suid na Noord, van Oos na Wes, en vind vir my die meisiemens, kom vertel my álles van haar; en dan sal ons haar doodmaak.

**ONNUT** : Ek sal een van my dwergies stuur.

**HEKS** : Nee, nee, vir jou stuur ek nou. Weg! En kom nie sonder nuus terug nie.

**ONNUT** : Ek gaan al reeds, juffrou Jarini. (*Opsy.*) Lelike ou Heks! pas op tog vir Onnut, hoofman van die dwergies van Dwergieskraal.

*Onnut af.*

**HEKS** : So 'n lelike meisiemens! Maar wag, ek sal haar kry! As ek net eers weet wie sy is en waar sy woon dan is dit klaar met haar. Maar kyk vir die lui dwergies, hoe slaap hulle nog! (*Maak een wakker.*) Hier jou lui rakker! Staan op en maak my skoene vir my blink (*Hy doen dit.*) Maak al jou maters wakker en dans vir my jul dwergiesdans. (*Hy maak hulle wakker en hulle dans. Opgewekte musiek.*)

**HEKS (ná hulle klaar is)** : So ja, dit is genoeg. (*Onnut kom in.*) Hier kom jul hoofman aan!

**DWERGIES** : Wees gegroet, hoofman van Dwergieskraal!

**ONNUT** : Goeiemôre, kêrels!

**HEKS** : En wat het jy, hoofman, uitgevind?

**ONNUT** : Juffrou Jarini, daar in die vlakte langs die bosrand staan 'n struisie; en in daardie armsalige huisie woon 'n arm houtkapper. En sy enigste rykdom is sy menigte kinders. Die mooiste van al sy kinders is Annie, 'n meisie van so twaalf jaar. Maar ai, sy's mooi.

**KLAASVAKIE** : En bitter ongehoorsaam!

**HEKS** : Stil jy! Onnut, vertel verder, gou!

**ONNUT** : So arm is hy, dat sy kinders baie dae honger ly. Maar jou vyandin, Engel Josephine, verjaar vandag en as verjaarsdaggeskenk het sy vir haarself hierdie kindjie geneem. Die kindjie woon nou reeds by haar.

**KLAASVAKIE** : Nou sal ek haar snags nog moeiliker aan die slaap kry.

**'N DWERGIE** : Maak maar jou slaappoeier sterker aan!

**HEKS :** Stil, julle twee daar! So, so? Nou bly daar vir ons net een ding oor : haar dood!

**ONNUT :** Haar dood!!

**DWERGIES :** Haar dood!!!

**HEKS :** Maar hoe gaan ons haar doodmaak? Vertel my, Onnut, wat gaan jy doen?

**ONNUT :** Wat ek gaan doen? Luister, juffrou Jarini : Daar in Josephine se woonvertrek lê drie geslote boeke en elkeen kan alleen deur sy besondere sleutel tjie oopgesluit word. In twee van daardie boeke mag 'n mens kyk, maar die derde een is vir mense 'n geslote boek. Die sleutel tjie is wel daar, maar dit mag nooit oopgesluit word nie. Wie dit oopsluit, kry 'n klad, 'n onuitwisbare klad aan die vinger. Josephine sal vir Annie belet om die boek oop te sluit. Ek sal haar in versoeking bring en haar hart verhard, sodat sy 'n leuen sal vertel. Het sy eers 'n leuen vertel, dan sal Engel Josephine haar in die bos verdrywe, want dis die straf wat mens kry as jy ongehoorsaam is en 'n leuen vertel vir die Engel. Daar in die bos sterf mens dan van honger en dors.

**HEKS :** Heerlik! Heerlik! En wat wil jy nou doen? Ja, die kindjie verlei, nè? Ja, ja, dis mooi. Onnut is jou naam, nè? Wel, dit pas net by jou. Jy is 'n dapper kêrel.

**DIE DWERGIES (sing. \*):**

Want hy's 'n dapper kêrel,  
Want hy's 'n dapper kêrel! ens.

**HEKS :** Mooi, mooi, die dag breek aan! Dis tyd vir my om te gaan. Tot siens, dwergies, onthou, julle dien vir Juffrou Jarini nie verniet nie! En waar Jarini beloon daar is die beloning die arbeid werd.

*Juffrou Jarini af.*

**DIE DWERGIES (Steek vir haar tong uit en sing. \*\*):**

Jy moenie dink ons koester vrees, juffrou Jarini,  
Vir jou, jou gogga-agtig bees, juffrou Jarini,  
En ons wens tog maar net ons kan kneus,  
Jou lang en ou lelike neus,  
Om hom rooi en blou en swart en pers te pars  
Juffrou Jarini! Jou heks, jou gogga, Jarini!!

**ONNUT :** Nou, dwergies, daar wag vir ons werk. Ná ontbyt dan sal ons na die Engel se paleis gaan en daar aan die werk gaan om die kind in die bos te kry; maar is sy eers in die bos, ly sy daar aan honger en dors, sal ons haar daar van honger en dors laat sterwe?

\*Wysie van "He's a jolly fellow."

\*\*Wysie van "A Frog he would a wooing go," uit "Sight Singing" by Arthur Lee, Book I.

**DWERGIES** : Nee, nee, nooit nie want (*sing*) :

Ons is kleine dwergies en ons dwaal;

La la la, ens.

Oor die velde ruig en vlaktes kaal;

La la la, ens.

Dansend, singend, smart verdringend,

La la la, ens.

Stappies lig, op pret gerig,

La la la, ens.

*(Al singende verlaat hulle die toneel.)*

**GORDYN**

## TWEEDE TONEEL

*Die toneel stel voor die sitkamer van Engel Josephine se huis.*

**EERSTE FEE (*kom links op*)** : Nee, ek vind haar nie in die kombuis of hierdie deel van die huis nie.

**TWEEDE FEE (*kom regs op*)** : Vind jy haar in die kombuis?

**EERSTE FEB** : Nee.

**TWEEDE FEE** : Ek vind haar ook nie. Haar slaapkamer is al klaar aan die kant gemaak.

**DERDE FEE (*agterop*)** : Engel Josephine is nie in haar tuin nie. Vind julle haar nêrens in die huis nie?

**EERSTE en TWEEDE FEE** : Nee!

**DERDE FEE** : Dan is sy seker al uit om te gaan kyk waar haar hulp nodig is. En dit so vroeg in die oggend, en nogal op haar verjaarsdag ook.

**EERSTE FEE** : Sy sal darem gou weer terugkom.

**TWEEDE FEE** : Ja, ons sal maar gou die blomme moet bring en die ander gaan roep.

**DERDE FEE** : Nou, toe kom ons gaan.

*Almal af.*

Vir 'n rukkie is die toneel leeg. Dan kom 'n klompie feetjies links op, die ander helfte van hul getal kom regs op. Deur die agterdeur kom die koningin in. Hulle dra almal blomme, en as die koningin inkom, sing hulle hul liedjie\* en vorm, 'n kring om haar.

As maanlig sag die aard beskyn,  
En alles hier betoor,  
Dan kom sy uit, so lief en rein,  
Ons eie koningin.  
Kom vorm om haar dan 'n kring.  
En wil haar lof en hulde bring,  
Ons eie koningin!

Ons het jou lief, ons koningin,  
En altoos, altoos, wil ons jou  
Met liefdevolle hart bemin;  
En altoos wil ons trou  
Jou help in al jou werk,  
Jou help in al jou werk,  
Ons eie koningin.

\*Gesing op wysie van "The Fairy Queen" – "Union Sight Singing Through Song," Book III, by Arthur Lee.

**KONINGIN** : Dis mooi, my kindertjies. Maar solank soos Engel Josephine nog nie hier is nie kan ons gerus ons dansie oefen.

**'N PAAR FEË** : Ja, toe.

**KONINGIN** : Nou toe.

*Almal af, sy ook.*

**Dan kom hulle in** : sommige links, ander regs, en die koningin van agter en hulle dans 'n blommedans.

**KONINGIN (ná die dans)** : En nou, my kindertjies, nou moet ons gou en mooi werk. Ons moet Engel Josephine se hart verbly met al hierdie mooi blomme. Onthou julle nog hoe lief sy vir fraai blommetjies is?

**FEË** : O ja, koningin, ons onthou!

**KONINGIN** : Nou toe : aan die werk. En rangskik die blomme so mooi soos julle kan.  
(Die feë werk almal fluks. Terwyl hulle werk, sing die koningin : "Dit is weer Lente." Al die feë sing die koor : "Kom ons gaan blomme pluk." As hulle klaar gesing en die blomme orals mooi gerangskik het, sê die koningin) : Ja, gou is dit mooi. Engel Josephine kan maar kom. Die blomme sal haar hart bly maak.

**SPIOEN (kom in)** : Koningin, Engel Josephine kom aan. Sy is nie alleen nie. Sy bring 'n meisie saam met haar.

**KONINGIN** : Wie is sy?

**SPIOEN** : Die dogter van 'n arm houtkapper.

**KONINGIN** : O, maar dis die mooi houtkapperskindjie. Gou, feë, steek julle almal weg.

*Al die feë (koningin ook) af.*

**Engel Josephine en Annie kom in.**

**ENGEL** : O, kyk, Annie, kyk die pragtige blomme. Is dit nie pragtig nie. Kyk tog net hierdie fraai rooi roos. En ruik hierdie heerlike angelier. Is dit nie alles mooi in die kamer nie?

**ANNIE** : Dit is baie mooi, Engel.

**ENGEL** : Die liewe feetjies het dit seker vir my gebring.

**ANNIE** : Die feetjies? Maar hulle bestaan mos net in stories!

**ENGEL :** Ja – so dink party slim ou grootmense wat net dinge glo wat hulle kan sien, al moet hulle ook vergrootglase gebruik. Maar ons, ons wat die geheime van geluk en lewens, ons weet dat feetjies bestaan. Hulle is die goeie aangename kindertjies van ons verbeelding en hulle bring vreugde en genot na ons, as ons soms die ou wêreld met sy lelike sondes vergeet. Hulle is liewe ou goedjies en slaap saans in blommetjies.

**ANNIE :** Ek wil ook een van hulle wees! Maar sal ek dan ook so klein word?

**ENGEL :** Hulle is nie altoos klein nie. Net snags as hulle gaan slaap, dan word hulle so klein dat hulle lekker in die sagte blom kan rus. Is die kamer vir jou mooi?

**ANNIE :** O – baie, baie mooi.

**ENGEL :** En sal jy graag hier wil bly?

**ANNIE :** Ja, baie graag. Maar kan ek dan in hierdie kamer, wat so mooi is, speel?

**ENGEL :** Ja, Annie, jy is mos nou my dogtertjie en dis mos my verjaarsdag vandag. Dis daarom dat die feetjies my kamer so mooi vol blomme kom maak het. En jy is mos my verjaarsdaggeskenkie. En as jy baie soet is, dan kan jy altoos by my bly.

**ANNIE :** En sal die Engel altoos by my bly?

**ENGEL :** Nee, liewe kind, ek kan nie. Dis my werk op aarde om orals goed te doen, orals te help waar my hulp nodig is. Verligting te bring aan die wat smart en pyn het. Kos te bring aan dié wat honger ly. Geluk te bring waar ellende heers. Vreugde te bring waar droefheid is. Lig te bring waar duister heers. Hulle, die arme, kreunende, sukkelende menses, noem my die Goeie Engel. En nou reeds moet ek al weer weggaan. Daar is so baie werk. En nou dat sonde so triomfeer op aarde, nou vermeerder my werk tog al te baie.

**ANNIE :** Maar ek wil nie alleen agter bly nie.

**ENGEL :** Maar ek sal jou iets moois gee, waarmee jy jou kan besig hou so lank soos ek weg is. Sien jy daardie tafeltjie daar?

**ANNIE :** Daardie een met die drie boeke daarop?

**ENGEL :** Ja – met die kettings daarom.

**ANNIE :** Hoekom het hulle dan kettings om?

**ENGEL :** Almal mag nie daarin kyk of lees nie. Maar hier is die sleutels.

**ANNIE :** En kan ek maar daarin kyk?

**ENGEL :** Dè, vat die sleutels. Hiérdie twee behoort aan die boonste twee boeke. Hulle mag jy maar oopsluit en die fraai prentjies wat daarin is, bekyk.

ANNIE : O, dankie, liewe Engel. En die derde boek?

ENGEL : Die mag jy nie in kyk nie!

ANNIE : Hoekom nie, Engel?

ENGEL : Die rede mag jy nie weet nis

ANNIE : Maar ek wil . . .

ENGEL : A! Ek hoor die ligte trippe-trappies van die feetjies. Ek ken hulle ou liewe voetstappies tog al te goed.

ANNIE : Die feë! Dan sal ek sien hoe hulle daar uitsien! O, ek is bly.

ENGEL : En jy moet hulle baie liefhê, hoor!

***Die feetjies kom, in net soos hulle die eerste keer opgekom het. Hulle dans hul blommedans. En dit end só dat hulle in twee rye staan – een links, een regs van die verhoog. Dan neem hulle hande en begin sing (met die nodige aksies daarby – nes kinders doen by die speletjie bekend as: “Here we come gathering” ens.)***

Hier is ons almal tesame nou, 'same nou; 'same nou,  
 Hier is al almal tesame nou, so vroeg-vroeg in die oggend.  
 Ons wil u, Engel, gelukwens nou, g'lukwens nou, g'lukwens nou,  
 Ons wil u, Engel, gelukwens nou, so vroeg-vroeg in die oggend.  
 Ons wil u nou ook mooi blomme bring, blomme bring, blomme bring,  
 Ons wil u nou ook mooi blomme bring, so vroeg-vroeg in die oggend.  
 Ons Wil u nou ook die blomme gee, blomme gee, blomme gee,  
 Ons wil u nou ook die blomme gee, so vroeg-vroeg in die oggend.

***Hulle kom al nader en nader. By die end vorm hulle 'n halfmaan om haar, en die koningin oorhandig 'n pragtige bos blomme aan haar.***

KONINGIN : More, Engel Josephine, ontvang hierdie blomme as 'n geskenkie van die feetjies van Sprokiesland.

ENGEL : More, my dierbare kindertjies. Baie, baie dankie. En dankie ook dat julle hierdie kamer so mooi met blomme versier het. Maar liewe kinders, ek moet nou al weer voort. Daar is baie siekes wat ek vandag moet gaan help. Daar is harte wat seer is. Hulle wag om getroos te word.

'N FEE : Ag, Engel, rus maar vandag, Toe wat! En speel met ons.

ENGEL : My vyand. Sonde, rus dan nooit. Ek moet hom dag en nag beveg anders oorwen hy maklik die hele wêreld. Maar speel julle nou maar mooi met hierdie dogtertjie en maak haar gelukkig.

FEË : Goed, Engel Josephine, dit sal ons doen.



ENGEL : Tot siens, Annie! Feë, speel maar lekker en wees soet kindertjies, hoor!

*Engel af.*

KONINGIN : Kom sit hier, mensekindjie, en sê my wat jy wil speel.

ANNIE : Ek wil nie speel nie. Ek wil in daardie boeke prentjies kyk.

KONINGIN : Maar hulle is gesluit.

ANNIE : Toemaar, ek het die sleuteltjies.

KONINGIN : Nou kom ons open die boonste een!

***Die feetjies speel rond in die kamer. Annie word gou moeg van die eerste twee boeke.***

ANNIE : Hulle is niks mooi nie. Ek wil daardie boek sien!

KONINGIN : O nee! Nee! Dit kan, dit mag jy nie!

ANNIE : Hoekom nie?

KONINGIN : Omdat die Engel jou dit belet het.

ANNIE : Maar waarom het sy my dit belet?

KONINGIN : Omdat al haar geheime daarin geskrywe staan.

ANNIE : Maar as ek nou skelmpies loer dan sal sy dit mos nooit agterkom nie.

KONINGIN : Ja, sy sal.

ANNIE : Hoe? As julle maar nie gaan sê nie!

KONINGIN : So gou soos jy daardie boek oopmaak, sal daar 'n klad aan jou vinger vaskleef en dit sal jy nie weer kan afwas nie. Sy sal dan aan daardie onuitwisbare klad kan sien dat jy ongehoorsaam was.

ANNIE : Maar ag wat, ek wil net so graag daarin loer – net so 'n klein bietjie. Ek sal dit nie heeltemal oopmaak nie.

KONINGIN : Nee tog, ek bid jou moenie.

'N FEE : O, daar kom die nare dwergies aan.

KONINGIN : Ons sal moet vlug. Annie, kind, die dwergies sal jou probeer verlei. Moenie dat hulle dit doen nie. Luister tog na my – wees gehoorsaam, pasop!

***Onnut en die dwergies kom in; hulle raas; en die feetjies vlug.***

**ONNUT** (*gaan na Annie*): Hallo, hoe gaan dit? Het hulle vir jou leer pop-speel?  
Ag, kom bog met hulle! Ek het iets moois vir jou te wys.

**ANNIE**: Wat?

**ONNUT**: 'n Mooi boek vol mooi prente – so mooi soos geen mens nog ooit gesien het nie.

**ANNIE**: Daardie boek daar?

**ONNUT**: Ja.

**ANNIE**: Maar ek mag nie daarin kyk nie.

**ONNUT**: Wie het dit vir jou vertel?

**ANNIE**: Engel Josephine het dit vir my belet.

**ONNUT**: So? Maar as jy dit nou skelmpies doen?

**DWERGIES**: Ja, doen dit skelmpies!

**ANNIE**: Maar doen ek dit, dan sal daar 'n klad aan my kleef.

**ONNUT**: 'n Klad? (*Lag lekker.*)

**DWERGIES**: 'n Klad! (*Hulle lag saam.*)

**ONNUT**: Wie het daardie bogstoriëtjie vir jou vertel? Seker daardie feë. Maar dis pure kaf, daardie; kom hier is die boek. Maak dit oop en kyk! Toe, is jy dan bang?

**DWERGIES**: Is jy dan bang?

**ANNIE**: Ek is nie. (*Sy maak die boek oop.*)

**ONNUT** (*skree skielik*): Die daad is gepleeg! Weg, dwergies, weg! Die bos in, weg!!

**DWERGIES** (*vlug almal*): Weg, die bos in!

**ANNIE**: O, maar dis pragtige goed . . . hê – maar waar is die dwergies? Waarheen is hulle?  
Wat – hier is 'n klad aan my vinger! (*Sy steek gou die boek weg.*) Dit wil nie af nie!  
Wat gaan ek nou doen?

**ENGEL** (*kom in*): Is jy alleen?

**ANNIE**: Die feë is al weg.

**ENGEL**: En het my liewe kindjie baie lekker met hulle gespeel?

ANNIE : Ja.

ENGEL : Hoekom is hulle dan so gou weg?

ANNIE : Ek . . . ek . . . weet nie.

ENGEL : Jy was soet gewees, nè?

ANNIE : Ja.

ENGEL : Hou jy van daardie twee boeke?

ANNIE : Ja.

ENGEL : En van die derde een?

ANNIE : Ek het nie gesien nie.

ENGEL : Nie gesien nie? Annie! Hoekom steek jy jou hande so agter jou rug weg? Annie! Het jy daardie boek oopgemaak?

ANNIE : Nee!

ENGEL : Is jy seker?

ANNIE : Ja.

ENGEL : Laat ek sien jou hande. Toe – laat ek hulle sien! O, Annie, jy was ongehoorsaam gewees. Maar ook het jy 'n leuen vertel. Nog een keer : het jy die boek oopgemaak?

ANNIE : Nee!

ENGEL : Nou ja, dan moet jy maar jou straf ondergaan. Daar is die deur. Buite is 'n man wat jou sal pak en jou sal wegvoer na die eensame aaklige bos. Daar sal jy honger en dors ly. Kos om jou honger te stil en water om jou dors te les sal daar nie wees nie. Nog eenmaal : het jy?

ANNIE : Nee!

ENGEL : Gaan – daar is die deur (*Annie loop.*) Vir die laaste keer : het jy?

ANNIE (*by die deur*) : Nee!

ENGEL (*alleen*) : Die arme, ongehoorsame kind!

*Annie af.*

GORDYN

## DERDE TONEEL

*Die toneel stel voor 'n ope plekkie in die bos. Bome in die agtergrond. 'n Paar bossies en verder groen gras. Die koningin en haar feetjies rus daar.*

**KONINGIN :** Dis darem heerlik hier in die bos. Kan julle die paddakoor daar onder in die vlei hoor? En hoor die bok-bokmakierie daar! Hoor die bergkanaries! Luister, selfs die mossies maak musiek. Ook hulle stuur 'n loflied op na die Hemel om lof en ere aan die Skepper van die heelal te bring. 'n Salige vrede heers hier in ons lieflike bos.

**'N FEE :** Koningin, kom ons sing 'n lied.

**'N ANDER FEE :** Ja, toe.

**KONINGIN :** Maar wat?

**'N FEE (*ontdek 'n voëlnessie in bossie*) :** O, kyk, kyk hier, hier is 'n voëlnessie. (*Die feë omsingel die nessie.*)

**'N FEE :** En daar is vier klein eiertjies in.

**KONINGIN :** Watter liewe goedjies. Die moeder is seker baie naby, maar moenie aan die eiers raak nie.

**'N FEE :** Ja, hulle sê mos as mens eers daaraan geraak het dan skop die wyfie die eiertjies uit!

**KONINGIN :** Kom, feetjies, kom weg van die nessie en laat dit in vrede. Ons hou die moeder te lank van die nessie af.

**'N FEE :** Ek weet nou wat ons moet sing!

**'N PAAR FEË :** Wat?

**DIE FEË :** Kyk, daardie nessie daar! Kom ons sing daardie mooi liedjie: “Vogelnestje.”

**'N FEE :** Ja, ja, “Vogelnestje”!

**KONINGIN :** Nou toe, dan sing ons almal hartlik saam. Begin : een, twee, drie!  
(*Almal sing die lied.\**)

Er schommelt een wiegie in 't bloeiende hout  
Een wiegje met bloemen gordijntjes,  
Dat hebben twee vogeltjes samengebouwd  
En zie eens hoe keurig en fijntjes!  
Als 't windeke speelt, de loverkens streelt,  
Dan schommelt het tere wiegelijs mee,  
Als 't skeepje op deinende zee.

\*Wysie is te vinde in “Union Sight Singing Through Song”, Book III.

In 't schommelend wiegje is wonder geschied:  
 Uit d' Eitjes zijn jongen geboren!  
 Nu zingt in verrukking 't gaaike zijn lied,  
 Een liedekke zoet om te horen.  
 Hoe 't jubelt door 't hout! Hoe 't schatert door 't woud!  
 En moedertje dekt ze, van 't luist'ren niet moe,  
 Met koestrende vleugeltjes toe.

*(Hulle het net klaar gesing dan kom die spioen van die feetjies in.)*

**KONINGIN** : Ja, kindjie, wat is dit?

**SPIOEN** : Sy, die houtkapperskindjie, dwaal daar agter in die bos alleen rond.

**KONINGIN** : Ag, dan was sy tog ongehoorsaam gewees. Arme kind!

**SPIOEN** : Ja, die Engel het haar hier na die bos gestuur.

**KONINGIN** : En nou?

**SPIOEN** : Sy dwaal somaar rond maar huil niks nie. Dit lyk ook asof sy geen berou het nie.

**KONINGIN** : Arme, nukkerige kindjie! Maar gaan haal en bring haar hierheen.

**SPIOEN** : Goed, koningin.

*Spioen af.*

**KONINGIN** : Feetjies, ons sal maar goed wees vir die arme mensekindjie en verhoed dat sy van honger en dors omkom of deur wilde diere verskeur word.

*Die spioen kom in met Annie.*

**SPIOEN** : Hier is Annie, koningin.

**KONINGIN** (*neem Annie se hand*) : Welkom, klein houtkapperskindjie, hier in die bos.

**ANNIE** : Ek wil nie hier bly nie.

**KONINGIN** : Maar jy sal moet – jy sal moet bly totdat jy jou skuld bely.

**ANNIE** : Maar ek het nie!

**KONINGIN** : O, Annie, en wat van daardie merk op jou vinger daar?

**ANNIE** : Ek is daarmee gebore.

**KONINGIN** : O, Annie, skaam jou om so 'n leuen te vertel. Nee feetjies, ons mag nie vir haar kos en water gee nie. Die Engel sal dit nie toelaat nie.

**ANNIE** : Ek wil ook nie kos en water hê nie. Ek is net moeg.

**KONINGIN** : Arme kind! Nou kom, lê hier agter die bos. Hier is die gras lekker sag en jy kan rustig hier slaap.

**ANNIE** (*gaan lê agter die bossies*) : Ja, ek wil slaap.

*(Die feetjies begin dan hul wiegiedjie\* sing.)*

Slapies, slapies, saggies maar, lief kindjie,  
Luister net hoe fluister sag die wind;  
Windjie wil aan slaap jou sus, lief kindjie,  
Slapies saggies maar, houtkapperskind.

Slapies sag, en droom maar soete drome;  
Ons hou wag, getroue wag, oor jou;  
Niks nie, niks nie, sal jou hinder;  
Ons, die feetjies, waak oor jou getrou.

Slapies, slapies saggies maar, klein kindjie,  
Veilig aan ons feetjiessorg vertrou;  
Slapies, slapies veilig maar, klein kindjie;  
Ons die feetjies waak getrou oor jou.

**KONINGIN** : Sy slaap al. Kom feetjies. Kom laat ons maar van hier gaan. Sy sal seker honger en dors wees as sy wakker word. Ons kan vir haar kos en water bring. Ons kan . . .  
Luister – wie sing daar? (*Hulle hoor die “Dwergieslied”. Al harder en harder word dit en toon aan dat die dwergies aankom.*)

**'N FEE** : Dit is die dwergies.

**FEË** : O, die nare dwergies!

**KONINGIN** : In hierdie ou lewe moet die geregtigheid maar altyd die wyk neem as geweld dreig. Kom, ons moet weg.

*Al die feë af.*

**EERSTE DWERGIE** (*kom op*) : Sy is seker hier rond.

**TWEEDE DWERGIE** : Ja, kom ons soek. Die feetjies was hier. Hulle het haar seker ergens weggesteek.

**EERSTE DWERGIE** : Maar waar?

**TWEEDE DWERGIE** : Hier, hier het ek haar.

**EERSTE DWERGIE** : Hoera . . .!

**TWEEDE DWERGIE** : Sjuut, man, sy slaap. Loop sê gou vir Onnut dat hy die koning hierheen moet verlei.

**EERSTE DWERGIE** : Ek gaan al.

*Dwergie af.*

**TWEEDE DWERGIE** : Slaap maar, Annie, slaap maar rustig, netnou is die koning hier en dan sal hy jou tot sy erfgename kies. Ek weet dit.

*(Onnut en die dwergies kom in.)*

**ONNUT** : O, slaap sy daar? Hoor, hoor julle daar? Wie sing daar?

**'N DWERGIE** : Dit is die jagters en hulle sing hul "Jagterslied."

*(Die "Jagterslied"\* word agter die gordyne gesing.)*

Als de zonnestrallen in hun eerste gloed,  
Op de velden dalen rept zich onze voet.  
Dan ter jacht getogen door geen zorg beroerd,  
En met scherp-ziende ogen 't schuchter wil beloerd!  
Tra-ra, tra-ra, tra-ra, tra, halloh! Halloh!

Als de dag gaat dalen gaat het huiswaarts aan;  
en zijn laatste stralen zien ons rijk belaan,  
Moesteu wij ook zwoegen om de rijke buit  
Door het reinst genoegte wordt dan 't maal gekruid.  
Tra-ra, tra-ra, tra-ra, tra, halloh! Halloh!

**ONNUT** : En die koning is by hulle. Nou is ons kans. Piet, gaan kruip jy daar agter naby haar weg. En dan as die koning en sy jagters hier kom, skree jy soos 'n patrys. Hy sal een stuur en so die kindjie kry. Jan, jy gaan in die vorm van 'n bokkie en verlei die koning hierheen. Ons kan maar weggaan. Ons werk is afgehandel.

*Al die dwergies af.*

**DIE KONING (gevolg deur sy jagters, kom in)** : Hoe is dit moontlik? Ek het self die bokkie gesien. Dit het hierheen gevlug.

**JAGTERS** : Ons het hom ook gesien.

**KONING** : Daar skree 'n patrys. Dis seker deur die bokkie opgeja. Gaan kyk gou.

**DIE KONING (gaan sit)** : Soe, maar ek is moeg. Kom ons rus so 'n bietjie.

**DIE JAGTER (kom, vorentoe)** : O koning, ek kry die bokkie nie, maar ek het iets anders gekry.

**KONING** : Wat?

**JAGTER** : Gaan kyk, Sire. *(Hulle gaan kyk.)*

\*Wysie te vinde in "Union Sight Singing Through Song," Book III (Arthur Lee).

**DIE KONING :** 'n Slapende kind! 'n Beeldskone kind! Nou weet ek : sy is aan my van God gegee. Sy is my erfgename. (*Hy tel haar op.*) Kom, manne, laat die bokkie en al die patryse van die wêreld maar loop en vlieg waar hulle wil. Ek het die grootste skat wat op aarde te kry is, gekry. Daar in my paleis sal sy gelukkig lewe as my eie kind, my eie dogter. Kom!

*Almal af.*

**Die twee Dwergies kom weer te voorskyn.**

**EERSTE DWERGIE :** Ek sê, maat, was ek nie 'n gawe bokkie nie.

**TWEEDE DWERGIE :** En waar het jy al 'n natuurliker patrys as ek gesien!

**EERSTE DWERGIE :** H'm, ja, jakkals prys sy eie stert.

**TWEEDE DWERGIE :** Net so! Maar kom ons loop, anders kry ons nie gebraaide vleis vanaand nie.

**EERSTE DWERGIE :** Nou, toe kom!

*Albei af.*

**Ná 'n rukkie kom die feë op – een deel regs met kos, die ander deel links met water.**

**FEË (regs) :** Word wakker, Annie, ons bring vir jou lekker, versterkende kos.

**ANDER FEË :** Staan op, Annie, ons bring vir jou verkoelende lawende water.

**KONINGIN :** Maar sy slaap darem vas! Maar waar is sy? Ek vind haar nie. Sy is nie hier nie.  
(*Die feetjies is almal ontsteld en soek rond.*)

**KONINGIN :** Julle soek verniet, my lieve kinders, hier gaan die spore van die dwergies. Hulle het haar weg. Sy is vir ons verlore. Ons sal ook maar hierdie bos verlaat. En ons kom nie gou weer na hom terug nie.

**(Dan sing die feetjies die lied\* : “Vaarwel, gij dicht beschaduwde woud.”)**

Vaarwel gij dicht beshaduwde woud! vaarwel, ens.,  
Hoe vaak heb ik uw pracht aauschouwd! vaarwel, ens.  
Mij is het tans zo droef te moe,  
Als bracht ik het lest vaarwel u toe! vaarwel, ens.

Vaarwel lief plekje op 't zachte mos! Vaarwel, ens.  
Gij bloempjes in uw bonte dos, vaarwel ens.,  
Nog menig wandlaar boeie uw kleur,  
En strele uw aangename geur! Vaarwel ens.

Vaartwel, zij het ook voor levenslang, vaartwel, ens.,  
O lieflik woud, o vogelzang, vaartwel, ens.,  
O bloempjes, die 'k weemoedig groet,  
'k Herdenk ten allen tijde uw zoet! Vaarwel, ens.

**Al singende, verlaat die feetjies langsaam die verhoog.**

**GORDYN**

\*Wysie is te vinde in “Union Sight Singing Through Song”, Book III.



## VIERDE BEDRYF

*Die toneel stel 'n vertrek in die koning se paleis voor. In die kamer loop die heks op en neer.*

**HEKS** : Ja, ja, was dit nou nie vir daardie slim rakker Onnut nie, dan was ek nou nie meer seker van die koning se skatte nie. Maar sou hy al sy planne ten uitvoer kon gebring het? Verheug ek my nie te gou in haar dood nie?

**ONNUT** (*kom in*) : Hier's ek weer! Eu tot u diens, vrou Jarini.

**HEKS** : A! Onnut, is dit jy?

**ONNUT** : Ek, ja, in gees en bloed.

**HEKS** : Natuurlik! Sal jy dan ooit die gees van die bees kan skei; maar sê ...

**ONNUT** : Dankie vir die kompliment!

**HEKS** : Nié te danke nie! Maar gou, sê vir my : het jy die kind verlei? Is sy reeds in die bos? Het sy reeds van honger en dors omgekom? Is sy ...?

**ONNUT** : Vaderland! Haar mond is nes 'n maksim – so vinnig rol die vrae!

**HEKS** : Toe, antwoord my, gou!

**ONNUT** : Ja – ek het haar verlei.

**HEKS** : En toe?

**ONNUT** : Josephine het haar na die bos geja.

**HEKS** : Moenie dat ek jou aanmekaar aanspoor nie. En toe?

**ONNUT** : Toe is sy – maar hoor die trompetgeskal daarbuite.

**HEKS** : Dis maar net die koning en sy jagters wat terugkeer.

**ONNUT** : Hoe? Die koning en sy jagters – Ek sê vaarwel!

**HEKS** : Nie so haastig nie, vriend Onnut! Is die meisie in die bos dood?

**ONNUT** : Gou, juffrou, gou, gee my beloning. Ek moet weg voor die jagters hier is.

**HEKS** : Jou beloning !! Ha-ga-ga! Dè, hier is jou beloning. (*Sy wil hom 'n klap gee, maag hy koes en ontsnap by die deur.*)

**ONNUT** (*by die deur*) : Jou lelike ou heks! Maar onthou: laaste lag die lekkerste.

*Onnut af.*

**HEKS (*alleen*)** : Laaste lag die lekkerste! Wat sou hy daarmee bedoel? Sou hy iets weet wat ek nie weet – sou hy tog . . . ! Maar, nee, sy is dood. Van haar het ek niks te vrees nie. Maar môre-oggend vroeg sal ek weer in my kristalglas gaan kyk. Daarin lees ek niks dan die waarheid. Hier kom die jagters die werf opgery. Hoe vrolik lag hulle. Dit lyk of hulle baie wild geskiet het. (*Sy kyk uit by die venster.*) Hê? Maar wat is daar voor op die perd van die voorste ruiter? Wat . . . dis 'n meisietjie – 'n kind . . . 'n . . . hemel, ja, dit is sy, sy, die ellendige houtkapperskind. Natuurlik het die koning haar in die veld gevind en haar hierheen gestuur. Maar ek sal moet gou maak. Voor hy terug is, moet ek iets aan haar gemaak het. (*Roep.*) Haai! Jagters! Kom dadelik hier en bring die kind saam! A! Hulle kom. Toe, toe, Jarini, speel nou jou kaarte goed en jy bly die erfgename van die koning. Slaag jy nie daarin om jou mededingster te verwyder nie dan verloor jy al die koninklike skatte.

***Twee jagters (met Annie) kom in.***

**JAGTERS** : Ja, juffrou Jarini, u het ons geroep?

**HEKS** : Waar kry julle die kind?

**EERSTE WAGTER** : In die bos opgetel. Die arme kindjie het daar verdwaal.

**TWEEDE JAGTER** : En het daar byna van honger en dors gesterf.

**HEKS (*opsy*)** : Hoekom het sy maar nie! (*Hardop.*) Die arme, liewe, klein kindjie! En dis nogal so koud buite.

**EERSTE JAGTER** : Die koning het haar nou as sy eie aangeneem.

**TWEEDE JAGTER** : En ons beveel haar hierheen te bring en . . .

**HEKS** : Haar mooi kleertjies te gee, haar warmpies aan te trek en haar magie goed te vul en haar aaklige dors te les. Dit alles, liewe kind, sal ons aan jou doen. Ons sal jou verlos van alle aardse pyne! Maar waar is die koning?

**EERSTE JAGTER** : Na sy saailande.

**HEKS** : Julle kan nou maar die dogtertjie aan my troue sorg oorlaat. Jul . . .

**TWEEDE JAGTER** : Pardon, juffrou, maar die koning se bevel was dat ons haar aan sy huishoudster sal oorhandig.

**HEKS** : Julle kan nou maar gaan. Ek sal goed vir haar sorg. Kom hier, my liewe dogtertjie, kom na jou tante toe. Sy sal baie lief en goed vir jou wees. En sê nou mooi vir my : wat is jou naam?

**TWEEDE JAGTER** : Pardon . . .

**HEKS** : Sy wil by my bly, nè liewe kindjie?

**ANNIE** : Ja.

**HEKS** : Sien julle : sy wil nie na die vreemde huishoudster gaan nie. Julle kan maar gaan.

**JAGTERS** : Goed, juffrou Jarini, maar ons was ons hande in onskuld.

*Jagters af.*

**HEKS** : En nou my skatlammetjie, nou het ek jou mos – nes 'n kat 'n muis het wat hy kant en klaar in die hoekie vasgekeer het. Maar vir die muis is daar nog soms 'n gaatjie in die hoekie waardeur hy kan ontsnap. Vir jou is daar nie so 'n plekkie nie. Dit is nou klaarpraat met jou. Jy probeer my verdring by die koning, nè? Ons sal sien! (*Sy bind vir Annie styf vas aan die tafel.*) Die koning sal jou nie lewendig terugvind nie. Jy is gestuur as offerande vir die gode. Ons sal jou bloed op hul altare sprinkel en die heilige honde sal dit daarvan kom aflek. Ons sal jou dadelik moet opoffer. Al lank genoeg duur die droogte in die land. Die gode wil voor geoffer word – mensebloed moet geoffer word – en dan eers sal hulle verkwikkende reëns op die aarde laat val. Ek gaan nou die priester roep. Hy sal kom met sy blok en sy byl. Hy sal hier in hierdie kamer jou kop afkap.

*Heks af.*

**ANNIE** : O, wat sal van my word! Ek is so bang! So vas hier! Ek kan nie loskom nie.  
O, wat sal gebeur?

**'N FEETJIE (*kom skielik in*)** : Niks, Annie, as jy maar net jou sonde sal bely. As jy maar net sal erken dat jy 'n leuen vertel het.

**ANNIE** : O, liewe feetjie, maak my tog los, asseblief tog, maak my net los, want hulle wil my kop gaan afkap.

**DIE FEETJIE** : Erken eers dat jy die leuen vertel het en dat jy ongehoorsaam was.

**ANNIE** : Maar ek was nie.

**DIE FEETJIE** : Arme kind, vaarwel!

*Feetjie af.*

**ANNIE** : Ag, sal ek maar erken dat ek skuld het?

**DWERGIE (*kom in*)** : Nee, moenie so gou ingee nie. Staan jou man! Hulle sal nie jou kop afkap nie.

**ANNIE** : Maar die ouvrou het dan al die priester, die byl en die blok laat haal!

**DWERGIE** : Toemaar, wees nie bang nie. Ek sal vir jou sorg. Tot siens.

*Dwergie af.*

**ANNIE** : Ek hoor hulle kom! Die ouvrou en die priester!

**AL DIE FEË (*kom op*)** : O, Annie, ons smeeek jou, bedenk jou tog nou. O, praat tog die waarheid, want nog is daar tyd.

**DWERGIES (*kom van die ander kant op*)** : O, Annie, wees sterk, wees 'n man, moenie somaar ingee nie.

**KONINGIN (van die feë)** : Annie, dit betaam 'n klein dogtertjie nie om so ongehoorsaam te wees nie.

**ONNUT** : Ongehoorsaamheid en vasberadenheid is twee heeltemal aparte dinge.

**KONINGIN (kom vorentoe)** : O, Onnut, het jy dan alle eergevoel, alle liefde verloor? Is daar dan niks edels in jou nie? Niks moois nie? Wil jy hierdie meisietjie laat sterwe? . . . Wil jy . . .?

**ONNUT (kom vorentoe)** : Koningin, ek buig my diep in die stof voor jou neer en erken jou edelheid en wysheid, jou liefde en goedgeaardheid. Maar jy ken nie vir Onnut nie, en hy ken homself. Hy weet wat hy doen.

**DWERGIES** : Hy, Onnut, ons hoofman, weet wat hy doen.

**KONINGIN** : Kom maar, liewe feë, kom laat ons maar gaan. So lank soos die manne regeer sal ons hierdie ou wêreld nie kan verbeter nie. Laat die tiranne maar seëvier.

*Feë af.*

**ONNUT** : Dwergies van Dwergieskraal! Medegehate burgers van Ondeundverby! So gou soos ons werk hier klaar is, maak ons vrede met die feë en ons nooi hulle uit om saam met ons in die maanskyn te gaan piekniek hou!

**DWERGIES** : Hoor hoor!

**ONNUT** : Annie, luister nou mooi na ons. Dis omdat jy na my geluister het, dat jy daar vasgebind staan. Dis omdat jy na my luister, dat jou kop netnou maar op die blok gaan lê; maar as jy pal na my bly luister, dan is jy nog voor vanaand erfgename van die koning. Die Engel sal netnou inkom. Jy sê dan weer "nee". Maar kom die Engel 'n tweede keer in, dan sê jy "ja".

*Dwergies af.*

**ANNIE** : Ek sal maar luister na die dwergies. Ek hoor voetstappe. Dis seker die ou heks! Ek is so bang.

**HEKS (kom in, agter haar loop die priester met 'n blok en 'n groot byl)** : Hier is sy! Hier is die lam as offerande deur die gode gestuur. Maak reg die blok en gebruik jou byl.

**PRIESTER (ná hy alles in orde gebring het, beveel haar)** : H'm, sy is nogal 'n lekker vet slagding! Sal ek maar kap? (*Wil na die byl gryp.*)

**ENGEL (kom haastig in)** : Nog eenmaal, kind! Annie, sê my : het jy die boek oopgemaak? (*Annie bly stil.*)

**ENGEL** : Het jy? Toe sê : het jy?

**ANNIE** : Nee!

**ENGEL** : Arme, nukkerige kind!

*Engel af.*

**HEKS :** Toe nou, lê jou kop hier op die blok. (*Maak haar los.*) So ja, nou is jy mos los. Kniel op die grond en lê jou nek op die blok.

**ANNIE :** Nee – nee!

**HEKS :** Wat – sal jy lê! (*Sy druk Annie met geweld op die grond en hou haar kop op die blok.*)  
Toe, priester, doen jou plig. Haar kop, haar kop moet af. Die gode eis haar bloed.  
(*Die Priester maak klaar om te kap maar die koning kom haastig in.*)

**KONING :** Wat – wat maak julle met my kind hier?

**PRIESTER :** Sy is die offerande vir die gode!

**KONING :** Nee, nee!

**PRIESTER :** Maar dit is so en daarom moet sy sterwe. Die gode eis haar bloed.

**HEKS :** Ja; koning, die gode wil haar tot offerande hê.

**KONING :** Julle sal nie!

**PRIESTER :** Ons moet, o koning. U koninklike mag staan ondergeskik aan ons geestelike mag!  
Sy moet sterwe! (*Hy lig die byl op maar eer dit sal, snel die Engel in.*)

**ENGEL (*keer hom*) :** Vir die allerlaaste keer, Annie; het jy die geslote boek oopgemaak?

**ANNIE :** Ja, Engel Josephine, en ek is baie spyt.

**ENGEL (*lig haar op, soen haar*) :** Ek vergewe jou! Koning, hierdie meisie is nie as offerande gestuur nie maar as erfgename. Neem haar aan. Sy is joune. (*Priester vlug.*) Keer die priester daar! O liewe deug, daar is hy al weg. En daar vlug die heks ook!

**KONING :** Hulle sal haar vang! (*Tot Annie.*) Kom hier, my kind! Graag neem ek jou as my eie aan!

***Onnut en Dwergies kom met die heks in. Sy stoei om los te kom, maar hulle hou haar goed vas.***

**ONNUT :** Hier is die lelike ou heks!

**ENGEL :** Maar koning, die gode eis 'n offerande. Hulle eis die heks. Lank genoeg het sy al haar euweldade gepleeg; lank genoeg het sy smart en ellende veroorsaak. Maak haar dood!

**DWERGIES :** Maak haar dood! Ja, ons sal help.

**FEETJIES (*kom in*) :** Lelike, nare dwergies, ag, moet haar tog nie doodmaak nie!

**DWERGIES :** Ons sal die heks doodmaak, ja!

**FEETJIES :** O, die heks! Ja, maak haar maar dood!

**ONNUT** : Ons sal haar in 'n vat toespyker. In daardie vat steek ons eers lelike groot messe in. Die sal haar lyf aan flenters sny. Dan rol ons die vat met die ou heks daarin bo van die berg af.

**DWERGIES** : A! Dis Onnut wat daar praat!

**FEË** : O, alles is nou reg. Ons Annie is gered en die heks sal sterf.

**HEKS** (*ruk los en val op haar knieë voor die koning*) : Genade, o, genade!!

**ENGEL** : Die gode eis 'n offerande, hulle eis jou!

**KONING** : Weg met haar!

**HEKS** : Ek bid ... ek smeek ...

**ENGEL** : Jy leer te laat in jou lewe bid. Bid liewers vir jou siel as vir jou liggaam. Die siel het dit nou meer nodig as die liggaam!

**KONING** : Weg met haar! (*'n Paar dwergies pak en sleep haar weg.*)

**ONNUT** (*tot koningin*) : Koningin, en nou het jy geleer dat dit waarheid is dat Onnut weet wat hy doen, nè? Ek – o ja, voor ek vergeet – die dwergies nooi julle uit om saam met ons te gaan piekniek hou. Dan nooi ons die koning en sy erfgename om saam te gaan.

**KONINGIN** : Graag neem ons die uitnodiging aan.

**DIE DWERGIES** : Hoera vir die feetjies van Sprokiesland en vir die Dwergies van Dwergieskraal, hip, hip, hoera!!

**GORDYN**

(*Slot van die stuk.*)



# AKDA

Afrikaanse Kontemporêre Drama Argief  
(akda.co.za)



*tuiste. trots. toekoms.*



Die FAK is 'n toekomsgerigte kultuurorganisasie wat 'n tuiste vir die Afrikaanse taal en kultuur bied en ons trotse Afrikanergeskiedenis positief bevorder.

Kontak ons: 012 301 1777 | [fak@fak.org.za](mailto:fak@fak.org.za) | [www.fak.org.za](http://www.fak.org.za)